

### III. VROEGSTE HERDENKINGS VAN DIE 1838-GELOFTE (1838 TOT 1863)

#### 1. EERSTE NAKOMING (1838)

Daar word dikwels veralgemeen deur te beweer dat die Gelofte selde gedurende die negentiende eeu herdenk is.<sup>1</sup> Geloftevierings was nie so algemeen as in die twintigste eeu nie, maar het tog wyd in Natal en die Boererepublieke (waarna voortaan as die ZAR of Transvaal en OVS, Oranje-Vrystaat of Vrystaat verwys sal word) plaasgevind.

Soos reeds genoem, het die kommandoledere direk na die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 'n dankdiens in die laer gehou. Dit kan as die eerste Gelofteherdenking beskou word. Die Gelofte is by die geleentheid herbevestig. Eers daarna is die vyand agternagesit.<sup>2</sup> Op 23 Desember 1838 het Pretorius die sege, asook die strekking van die Gelofte per brief aan die Volksraad bekendgemaak.<sup>3</sup> Die nuus daarvan het wyer versprei en toe dit Graaff-Reinet bereik, is vreugdevure in die omgewing aangesteek.<sup>4</sup> Die bestaan van die Gelofte het deur Suider-Afrika bekend begin raak.

#### 2. VROEË HERDENKINGS VAN DIE GELOFTE (1839 TOT 1863)

##### a. Bou van die Geloftekerk, Pietermaritzburg

Nadat die Wenkommando hulle militêre veldtog teen die Zuluëstanders afgesluit het, het hulle na hulle onderskeie Trekgeselskappe teruggekeer. In Mei 1839 is daar, as deel van die nakoming van die Gelofte, met die insameling van fondse vir die bou van 'n kerk begin. Cilliers het hom daarvoor beywer dat dit op Pietermaritzburg opgerig moes word. Kollektelyste is vir dié aksie opgestel en is ook deur enkele Engelssprekendes ondersteun.<sup>5</sup> Donasies het selfs uit die Kaap

---

<sup>1</sup> A. van Niekerk, Gelofte dag in die nuwe Suid-Afrika, *Die Taalgenoot* 67(12), Desember 1998, p. 9.

<sup>2</sup> B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 39; M.J. Swart, *Gelofte dag*, p. 8; T.N. Hanekom, By die wieg van ons Geloftefees, *Die Kerkbode* 84(24), 1959-12-16, p. 969.

<sup>3</sup> H.M. Rex, Die viering van Gelofte dag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 7.

<sup>4</sup> *Die Transvaler*, 1978-01-11 (Debat oor Gelofte dag), p. 9.

<sup>5</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 8; B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 125.

en Vrystaat gekom.<sup>6</sup> Mense wat nie ‘n finansiële bydrae tot die fonds kon maak nie, het boumateriaal voorsien.<sup>7</sup> Die hele Pietermaritzburgse gemeenskap was betrokke by die oprigting van die kerk. Kundige bouers het die messelwerk gedoen, terwyl die res van die mans klippe uit ‘n steengroef gebreek het.<sup>8</sup> ‘n Tydelike gebou van hout en riet, asook die huis van die weduwee Retief is intussen vir kerklike byeenkomste benut, maar dié geboue is in geen stadium as antwoord op die Gelofte om ‘n kerk te bou, beskou nie.<sup>9</sup> Teen die middel van 1841 is die Geloftekerk voltooi en ingewy.<sup>10</sup>

## b. Vroeë invloed van die Slag en Gelofte

Die gebeure rondom die Slag van Bloedrivier het van meet af aan tot die pioniers se kreatiwiteit gespreek. In 1840 het ‘n onbekende Trekker ‘n gedig met die opskrif *Een vredeslied* gedig. Dit kon op die wysie van Psalm 130 gesing word en lui:

Dingaan die is gesneuveld  
Voor zijne tyrannie,  
Tamboesa en ook Slela  
Om hun verraderij;  
Panda die is gekomen  
Te smeeke om den vree,  
Hij heeft dit ook bekomen  
Het leven ook daarmee.

Wij arme Afrikanen,  
Die hier te Natal woon,  
Hoe wordt onze tranen  
Met goedheid hier bekroon!  
O God, gij schenkt ons vrede,  
Uw zegen ook daarbij;  
Schenk uwe hulpe mede,  
Laat uwe hand ons lei.

W’ erkennen onze schulden  
Voor U, o Opperheer!  
Wij leggen onze hulde  
Aan uwe voeten neer.

---

<sup>6</sup> J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 240.

<sup>7</sup> D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 139.

<sup>8</sup> C. van den Berg, My tweede [sic] Dingaansdag, *Die Boerevrou* (s.n.), Desember 1929, p. 10.

<sup>9</sup> P.W.J. Groenewald, Beknopte geskiedenis van die Voortrekker-Gedenkkerk, in P.W.J. Groenewald (red.), *Die Voortrekker-Gedenkkerk Pietermaritzburg*, p. 6; P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit*, p. 167; L. Thompson, *The political mythology of Apartheid*, p. 155.

<sup>10</sup> M.C.E. van Schoor, Is Geloftegedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 6.

O Heer, hoor onze bede,  
Vergeef ons al die schuld,  
En schenk ons uwe vrede  
En heb met ons geduld.

Zie, d' afgunst spant ons strikken  
Men gunt ons niet dit land,  
O God wil ons behoeden  
Red ons uit 's vijands hand;  
Wij hebben 't land verworven  
En met ons bloed betaald,  
Ons zal den vijand toonen  
Dat 't aan geen moed ons faalt.

En Gij die ons tot hertoe  
Geholpen hebt, o God!  
Help verder uwe kinderen,  
Bestuur hun verder lot.  
Wil zelf het recht beskermen,  
Ons recht op Natals grond,  
Dan brengen w' onze hulde,  
U toe met hart en mond.

Hoopt op den Heer, gij vroomen,  
Is Afrika in nood!  
Er zal verlossing komen,  
Gods goedheid is zoo groot!  
Gij zijt het zout der aarde  
Daar alles nu op rust,  
En ook van groote waarde  
In u heeft God zijn lust.<sup>11</sup>

**c. Informele vierings (1840 tot 1863)**

In hierdie jare is die Gelofte sover bekend nie met amptelike verrigtinge nie, maar wel in gesinsverband herdenk.<sup>12</sup> 'n Beriggie wat in 1844 in *De Natalier* verskyn het, het byvoorbeeld vermeld dat die sewende jaarlikse dank- en biddag om God vir die oorwinning oor die “Duizende Dingaanen” te eer, op Sondag 15 Desember 1844 vanaf 09:00 aan huis van eerw. Erasmus Smit in Pietermaritzburg sou plaasvind. Op 20 Desember 1844 is berig dat die byeenkoms goed afgeloop het en dat daar 'n aansienlike aantal mense teenwoordig was. Hieruit kan

---

<sup>11</sup> Anoniem, *Een vredeslied* [gedig], soos aangehaal in F.A. van Jaarsveld, “Een Vredeslied”. 'n Gedig deur 'n Voortrekker, *Gelofte dag* (1), 1953, p. 28.

<sup>12</sup> M.J. Swart, *Gelofte dag*, p. 10.

afgelei word dat Dingaansdag reg van die begin af sonder onderbreking in die dorp gevier is en dat dit teen 1844 by sommige Trekkers, soos Smit, reeds 'n vaste gewoonte geword het. By hom was die herdenking van die Gelofte so 'n groot erns, dat hy van 1844 af jaarliks soortgelyke byeenkomste in sy huis op eie koste in die plaaslike nuusblad geadverteer het. Die feeste het skynbaar hoofsaaklik uit 'n godsdienstige byeenkoms bestaan en op die Sondag die naaste aan 16 Desember plaasgevind. Dit is ironies dat juis Smit die leiding in hierdie verband geneem het — dit was sy droom om in die Geloftekerk te preek, maar dié voorreg was hom nooit beskore nie. Dit was hoofsaaklik die gevolg van Sarel Cilliers se teenkanting. Soos reeds genoem het Cilliers en Smit nie op goeie voet verkeer nie.<sup>13</sup> Eerwaarde Daniel Lindley (1801-1880) wat as leraar in die kerk opgetree het, het ook die Gelofte in 1844 met 'n dankdag herdenk, maar op watter datum dit plaasgevind het en hoe amptelik die viering was, is nie bekend nie.<sup>14</sup>

Cilliers het die Gelofte jaarliks getrou tuis saam met sy familie herdenk. Vir hom was dit 'n heilige plig. Dit was die gesin se gewoonte om vroeg in die oggend 'n psalm- of gesangvers te sing, 'n gebed vir die land te doen, volksodes voor God te bely en 'n toepaslike hoofstuk uit die Bybel te lees. Daarna is die Gelofte herhaal, die geskiedenis daaromheen vertel, nog 'n vers gesing en die verrigtinge met 'n dankgebed beëindig. In die middag is nog 'n diens gehou en by hierdie geleentheid kon elkeen wat behoefte daaraan gehad het, God vir Sy genade bedank.<sup>15</sup>

Verskeie redes kan vir die sporadiese en nie-amptelike aard van die vierings in die vroeë jare aangevoer word. Eerstens was die herdenking van enige kerklik-godsdienstige feesdae behalwe Sondae, uiters buitengewoon. Dit sluit Kersfees en Goeie Vrydag in.<sup>16</sup> Daar was weinig sprake van 'n georganiseerde kultuurlewe onder die pionierstoestande wat in die binneland van Suider-Afrika geheers het.<sup>17</sup> Lewensomstandighede was onseker, die meeste gesinne was steeds aan die swerf, broedertwis en militêre optrede teen swart stamme was algemeen en daar was 'n gebrek aan 'n eenvormige nasionale gevoel onder die Trekkers.<sup>18</sup> Ander teorieë wat bestaan oor die verwaarlosing van die Gelofte, is dat dit net deur diegene wat by die

---

<sup>13</sup> M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 10; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 48; P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit*, p. 182; T.N. Hanekom, By die wieg van ons Geloftefees, *Die Kerkbode* 84(24), 1959-12-16, pp. 969-970; *Rapport*, 1991-12-15 (Held sonder wierook), p. 8.

<sup>14</sup> W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 401; F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 42.

<sup>15</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 8-9; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 13.

<sup>16</sup> B. Spoelstra, Kan Geloftedag oorlewe?, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke* F1(180), p. 22.

<sup>17</sup> F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 43.

<sup>18</sup> M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 14.

Bloedrivierslag teenwoordig was en hulle gesinne herdenk is,<sup>19</sup> of dat die kerkleiers van die tyd almal van oorsee gekom het en nie van die Geloofte gewees het nie.<sup>20</sup> Laasgenoemde twee stellings verklaar egter nie waarom kommandoede (insluitend Pretorius) die herdenking nagelaat het en dit ook nie onder die aandag van die leraars gebring het nie. Dit maak wel sin dat die Geloofte vir die Trekkers wat nie by die Slag van Bloedrivier betrokke was nie, minder betekenis sou hê. Daar is byvoorbeeld geen aanduiding dat Potgieter dit ooit gevier het nie. Dit is ironies dat hy juis op 16 Desember 1852 oorlede is.<sup>21</sup>

Die besetting van Natal deur Brittanje in 1842 het gelei tot die verarming en ontworteling van vele Trekkers, wat toe reeds in die gebied gevestig was.<sup>22</sup> Soos talle ander volksgenote het Cilliers en Pretorius Natal onderskeidelik in 1847 en 1848 permanent verlaat. Dit is vreemd dat hulle skynbaar niks in hulle nuwe tuistes gedoen het om die vierings van die Geloofte aldaar amptelik in te stel nie.<sup>23</sup> Teen Julie 1853 moes Pretorius aan Cilliers erken dat hy die herdenking daarvan skandelik verwaarloos het, waarop Cilliers hom skerp tereggewys het.

In 1859 was daar sprake van dorpsstigting op die Bloedrivierterrein. Die feit dat juis hierdie area uitgekies is, dui aan dat die gebeure van 1838 wel van besondere betekenis vir sommige mense was. Die plan is nooit uitgevoer nie.<sup>24</sup>

Dewald Pretorius, ‘n Trekker wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het, het in 1862 sy herinneringe daaraan opgeteken. Daarin het hy genoem dat die Geloofte behels het dat kerke en skole tot die eer van die Here gebou moes word.<sup>25</sup> Hy was, sover vasgestel kon word, die eerste persoon wat die Geloofte om ‘n Godshuis te bou, breër as die bou van ‘n enkele kerkgebou geïnterpreteer het.

---

<sup>19</sup> W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 74.

<sup>20</sup> J.T. Jordaan, 1838 – 1866 – Vandag Geloftedag, *Die Kerkbode* 92(24), 1963-12-11, p. 835.

<sup>21</sup> M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 12.

<sup>22</sup> *Byvoegsel tot Die Burger*, 1971-12-11 (Pretorius het Geloofte al gebreek), p. 10.

<sup>23</sup> W.A. Stals, Die Geloofte. Die instelling en viering van Geloftedag, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 11.

<sup>24</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 8-9; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 13.

<sup>25</sup> F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 43.

In dieselfde jaar het Cilliers hom op 16 Desember op trek deur die Karoo bevind. Hy was onderweg na sy plaas in die Vrystaat, na afloop van ‘n besoek aan die Kaap. Ten spyte van die skroeiende Desemberhitte het hy die reis onderbreek om oudergewoonte die dag te vier.<sup>26</sup>

Steeds het die gewoonte om die Gelofte jaarliks te herdenk skynbaar algemeen voorgekom onder sekere gesinne wat in Natal gebly het. Die vierings het hoofsaaklik uit ‘n godsdienstige program bestaan.<sup>27</sup> In 1862 het ‘n religieuse byeenkoms selfs op die Bloedrivierterrein plaasgevind.<sup>28</sup>

Die Trekkers was nou feitlik almal om groeiende dorpies in Natal, die Vrystaat en Transvaal gevestig. Al was daar nog sporadiese broederlike vyandigheid, was daar tekens van ‘n groeiende gevoel van samehorigheid onder die pioniers buite die Kaapkolonie.<sup>29</sup> Dit sou bydra tot die groei van toekomstige herdenkings van die 1838-Gelofte.

---

<sup>26</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 9.

<sup>27</sup> *De Kerkbode* 9(2), 1918-01-10 (Brief: H.F. Schoon, Ladysmith), p. 41.

<sup>28</sup> M. [J.] Swart, Godsdienstige sake rondom die Groot Trek, *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 40(2 en 3), April en Julie 1989, p. 34.

<sup>29</sup> M.J. Swart, *Gelofte*, pp. 14-15.